SBS TANKS® GIFT OF THE GIVERS DONATION TANKS … FOLLOW UP STORY …

Team SBS ® returned to Lindley on 21 February 2016 to complete the installation of a roof for the 112 *kl* water storage tank that the company donated for drought relief via disaster relief NGO, *Gift of the Givers*. It was decided after the initial installation that roofing the tank would be safer due to the location of the storage facility in Ntha.

All went according to plan and the team comprising of Mfundo Ngcobo, Christian Dubazane and Asanda Mbedle completed the roof within a day. The tank was commissioned on Wednesday when *Gift of the Givers* arranged for the tank to be filled with municipal water that was trucked in from Reitz.

Our sincere thanks again goes out the wonderful community of Lindley. H3 and Hni from Bikirus for their hosting, Cobus from VKB who again assisted us with loading and storage and Michelle and Steven from Lindley Sports Club who ensured that our Team didn't go hungry.

Thank you all!

Des Ray
Marketing, PR and Communication

Workers filling up the tank with water from Reitz

PAUL STEYN FOUNDATION

Maandag, 29 Februarie het 'n jong man Lindley binne gestap terwyl hy 'n waentjie trek. Hy stap regdeur Suid-Afrika om mense bewus te maak van ge-amputeerdes. Hyself het sy een been verloor terwyl hy op Landbouskool te Lichtenburg was en sy been in 'n snymasjien beland het.

Verder samel hy ook geld in om ander ge-amputeerdes te help om prosteses te kan bekom, wat natuurlik baie duur is. Persone wat belangstel om 'n donasie te maak of dalk selfs 'n gereelde aftrekorder te teken, kan dit doen op:

Paul Steyn foundation
ENB. Rek nr. 62326196294, Takkode 250655
Of kontak info@paulsteynfoundation.org.za om meer te wete te kom oor sy staptogte en doelstellings.

DAAR IS DRIE SUSTERS…

… nie die Drie Susters van Pieter Koen nie!!

Hierdie drie susters is altesaam 260 jaar oud:-

Van links na regs:
Kiet Crouse, Anna Smith en Dora Muller.

Al drie was boorlinge van Lindley. Die oudste is Dora tans 93, dan Kiet Crouse 90 en Anna Smith 77. Al drie het op Lindley grootgeword onder die nooiensvan Bornman. Anna woon steeds op Lindley (sy is die eggenote van Martiens), Kiet woon op Schweizer Reneke en Dora woon tans op Bronkhorstspruit.

Op 28 Februarie 2016 het Kiet haar negentigste verjaarsdag gevier. Een van Dora se dogters het toe die gedagte gekry om die drie bymekaar te kry en met die samewerking van Dora se kleindogter op Bronkhorstspruit het dit toe 'n werklikheid geword.

Die drie is die enigste oorlewendes van agt kinders waarvan Dora die oudste was en nog is, en Anna die jongste.

Sewentien vriende en familie was bymekaar om die heuglike dag te vier.

Willem Bolton

REGTE VAN KINDSBEEN AF HAAR BELANGSTELLING

So berig Martha Mbhele, 'n boorling van "Edina", Lindley.

Sy is pas aangestel as nuwe regter in die Vrystaatse hooggeregshof, Bloemfontein.

Vir haar was die pad nie sonder uitdagings nie, maar danksy haar deursettingsvermoë, haar geloof en die ondersteuning van die gemeenskap waarin sy grootgeword het, het sy dit reggekry.

Nadat sy verskeie grade en diplomas aan verskillende universiteite behaal het, is regter Mbhele in Maart 2001 as prokureur toegelaat.

Sy het van 2005 tot 2009 as raadslid van die Prokureurs -orde van die Vrystaat gedien. Tussendeur is sy as voorsitter van die strafreg-en-prosedurekomitee van die Prokureursorde van SA aangestel.

- Sien volledige berig in Volksblad van Maandag, 29 Februarie 2016 deur Alzane Narrain -